



Vak: Graad 12 Afrikaans: EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 138 Punte

1. A: hedendaagse

4 punte

Verduideliking:

Sinonieme ("synonyms") is woorde wat **dieselfde** ("same") of **byna dieselfde betekenis** ("almost the same meaning") het, byvoorbeeld:

- **Donasie** of **skenking** ("donation").
- **Forseer** of **dwing** ("force").
- **Geleentheid** of **kans** (opportunity or chance").

2. waar

2 punte

Verduideliking:

Antonieme ("antonyms") is woorde wat die **teenoorgestelde betekenis** ("opposite meaning") het, byvoorbeeld:

- **Alles** of **niks** ("everything or nothing").
- **Dikwels** of **soms** (frequently or seldomly").
- **Onderkant** of **bokant** ("underneath or on top").

3. B: omdat

4 punte

Verduideliking:

Die **voegwoord** ("conjunction") "**omdat**" is deel van die **Groep 3-voegwoorde** en 'n **komma** word **niet voor** Groep 3-voegwoorde **gebruik nie**.

Daarom pas die voegwoord "omdat" in die sin, want daar is **geen komma** in die sin voor die plek waar die **voegwoord gebruik moet word nie**.

Nog voorbeelde van **Groep 3-voegwoorde** is:

- **sodat**
- **terwyl**
- **hoewel**
- **as**



4. OTM | OTM'e | OTM's

3 punte

Verduideliking:

'n **Akroniem** ("acronym") is 'n **afkorting** ("abbreviation") wat as 'n **woord of lettername** uitgespreek kan word.

'n **Akroniem** wat volgens die **alfabetname** van die **letters uitgespreek word**, word 'n **letternaamwoord** genoem, byvoorbeeld:

- OTM - Outomatiese tellermasjiene ("automatic teller machines").
- WAT - Woordeboek ("dictionary") van die Afrikaanse Taal.
- RAU - Randse Afrikaanse Universiteit.

5. aandagstreep | bykomende inligting te gee

4 punte

Verduideliking:

Die **aandagstreep** ("dash") word ook gebruik:

Om **iets te verduidelik** ("explain"), byvoorbeeld:

- Die nuwe motor - **wat sy ma verlede week vir hom gekoop het** - het 'n yslike krap ("scratch") op die masjienkap ("bonnet").

In plaas van 'n **dubbelpunt** ("colon") voordat 'n groep **dinge gelys** ("list") word of belangrike **inligting gedeel word** ("important information shared"), byvoorbeeld:

- Die nuwe graad 1-leerders moet die volgende skryfbehoeftes saambring - **'n pakkie vetkryt, 1 HB-potlood, 'n abakus en 1 boks sneesdoekies.**

Na 'n **aanhaling** ("quotation"), byvoorbeeld:

- "As die kortpad die beste pad was, sou die hoofpad daar geloop het." - **C.J. Langenhoven.**



6. Daar word van wind- en sonenergie op die eiland gebruik gemaak. | Daar word van wind- en sonenergie op die eiland gebruik gemaak 3 punte

Verduideliking:

Volg hierdie stappie:

1. Indien 'n sin nie 'n voorwerp ("object") het nie, word die woord **"daar"** in plek van ("in place of") die voorwerp in die **begin van die sin gebruik**.
2. Voeg **"word"** in die sin, net na die woord, **"daar"**.
3. Voeg **"deur"** in die sin, net voor die **oorspronklike onderwerp** ("initial subject") - **die eiland**.
4. Die **werkwoord** ("verb") **skuif** na die **end** van die sin.

Byvoorbeeld:

- **Bedrywende vorm** ("active voice"): "Die eiland ("subject") maak van wind- en sonenergie ("solar energy") gebruik."
- **Lydende vorm** ("passive voice"): **Daar word** van wind- en sonenergie **deur** die eiland gebruik gemaak.

7. bied | gewilde 4 punte

Verduideliking:

Gebruik die **beginsel** van **eenvormigheid** ("principle of uniformity") om te bepaal of die woord 'n **"d"** of 'n **"t"** aan die **einde** het, deur aan **ander vorme van die woord te dink**.

- Byvoorbeeld: gebiede, aanbiedinge en verbode.
- Die **"d"** kan **duidelik gehoor** word. Bied eindig dus ("therefore") met 'n **"d"**.

Wanneer 'n **byvoeglike naamwoord** ("adjective") voor 'n **soortnaam** ("common noun") gebruik word, kry dit gewoonlik 'n **"-e"** aan die **einde** van die byvoeglike naamwoord, byvoorbeeld:

- Die dag is **pragtig**. Dit is 'n pragtige dag.
- Die duikplekke is **gewild**. Dit is gewilde duikplekke.

Verduideliking:

Homonieme ("homonyms") is woorde wat **dieselfde klink** ("sounds the same"), **dieselfde gespel** word ("spelled the same"), maar **verskillende betekenisse** het ("different meanings"), afhangend van die **konteks** ("context") van die sin, byvoorbeeld:

Deur:

- Hy klop aan ("knocked on") die **deur** ("door").
- Hy gooi die klip ("rock") **deur** ("through") die venster.

Kus:

- Hy gee haar 'n **sagte kus** ("a soft kiss") op haar wang (soen).
- Die boot het langs **die rowwe kus** ("rough shore") op die rotse geloop (gebied van die land net langs die see).

Verduideliking:

'n **Stelsin** ("statement") maak 'n **stelling** ("statement") of gee 'n **opinie** ("opinion") en **eindig** met 'n **punt** ("full stop").

Nog voorbeelde van **stelsinne**:

- Die inkopiesentrum ("mall") is 24 uur van elke dag oop. (**inligting**)
- Samantha behoort nie ("shouldn't be") so hard te lag ("laughing") nie. (**opinie**)

Verduideliking:

Wanneer 'n woord op **"-f"** eindig in die enkelvoud ("singular"), val die **"-f" weg** en **"-ww-"** word in die plek daarvan ingevoeg, voordat **"-e"** bygevoeg word vir die **meervoud** ("plural"), byvoorbeeld:

- Rotsrif - rotsri**ww**e
- Sif - si**ww**e

Let op: Wanneer 'n woord met 'n **lang vokaal** in die enkelvoud na die meervoud vorm verander word, **val een vokaal weg** ("one vowel is dropped"), die **"-f"** verander na **"-w-"** en 'n **"-e"** word bygevoeg ("added") aan die einde.

- Kloof - klo**w**e

11. homofoon | die vaste stof van water

4 punte

Verduideliking:

Homofone ("homophones") is woorde wat **dieselfde klink** ("sounds the same"), maar **verskillend gespel** ("spelled differently") word en **verskillende betekenisse** ("different meanings") het, byvoorbeeld:

- **ys / eis**: Ek gooi **drie blokkies ys** ("ice") in die water om dit koud te maak. Hy **eis** ("demands") dat hulle hom **miljoene moet betaal** ("that they pay").

12. onwaar

2 punte

Verduideliking:

'n **Afleiding** is 'n woord wat uit 'n **stamwoord** ("root word") en **voorvoegsel** ("prefix") en / of **agtervoegsel** ("suffix") bestaan, byvoorbeeld:

- Voorvoegsel + stamwoord = afleiding.
- Ver- + seker = verseker.
- Stamwoord + agtervoegsel = afleiding.
- Wenk + -e = wenke.

13. werkwoord | bepaalde lidwoord | persoonlike voornaamwoord | voorsetsel

8 punte



Verduideliking:

1.) 'n **Werkwoord** ("verb") dui die **aksie** ("action") in die sin aan, byvoorbeeld: **lees, stap, lag** en **hardloop**.

2.) Daar is **twee lidwoorde** ("articles") in Afrikaans: '**n** en **die**. Lidwoorde word **voor selfstandige naamwoorde** ("nouns") gebruik, byvoorbeeld:

- Onbepaalde lidwoord: '**n Hond** moet opgelei word om gehoorsaam te wees.
- Bepaalde lidwoord: **Die jaar** vlieg verby!

3.) 'n **Persoonlike voornaamwoord** ("personal pronoun") verwys na **iemand** wat kort tevore genoem of na verwys is ("referred to shortly before") - die persoon se naam is dus **reeds bekend** ("already known"), byvoorbeeld:

- Ek ("I")
- Jy, jou ("you")
- Ons ("we")
- Hulle ("they")
- Sy ("she")
- Hy ("he").

4.) **Voorsetsels** ("prepositions") het **geen betekenis** ("no meaning") **op hul eie nie**, maar **kry betekenis** wanneer dit **saam** met **ander woorde** gebruik word.

Hierdie kort woordjies word **voor** ("in front of") **selfstandige naamwoorde** ("nouns"), **werkwoorde** ("verbs"), **bywoorde** ("adverbs") en **voornaamwoorde** ("pronouns") gebruik om **posisie** of **verhouding** aan te dui ("to indicate"), byvoorbeeld:

- Ek sit **op** ("on") die stoel.
- Hy loop **oor** ("over") die pad.
- Sy slaap **onder** ("under") die kombers ("blanket").



14. C: bywoord van tyd

4 punte

Verduideliking:

Daar is **drie soorte bywoorde** ("adverbs").

Wanneer **al drie soorte bywoorde in 'n sin gebruik word**, word dit in hierdie **volgorde** in die sin geplaas:

- Bywoord van **tyd** ("adverb of time"), bywoord van **wyse** ("adverb of manner") en laastens bywoord van **plek** ("adverb of place").

Voorbeeld sin: Ons hardloop dadelik vinnig huis toe.

- Bywoord van tyd - **dadelik** ("immediately"). Dit beantwoord die vraag: **wanneer?** ("when?")
- Bywoord van wyse - **vinnig** ("fast"). Dit beantwoord die vraag: **hoe?** ("how?")
- Bywoord van plek - **huis toe** ("home"). Dit beantwoord die vraag: **waar?** ("where?")

15. "om jou huisinhoud te verseker" | om jou huisinhoud te verseker | "om jou huisinhoud te verseker." | om jou huisinhoud te verseker.

3 punte

Verduideliking:

Die **infinitief** ("infinitive") is 'n **vorm** van die **werkwoord** ("verb") en word saam met "**om te**" of "**te**" gebruik.

Dit **begin** by die woord "**om**" en **sluit** ("includes") die **res van die sin in**, byvoorbeeld:

- Hulle gaan winkel ("store") toe **om skoolklere te koop** ("to buy").

16. B: saamgestelde sin

4 punte

Verduideliking:

'n **Saamgestelde sin** ("compound sentence") bestaan uit **twee of meer sinne** wat **saamgevoeg** ("joined") is deur middel van 'n **voegwoord** ("conjunction"), byvoorbeeld:

- Die woorde "**wanneer**" asook "**en**" is beide **voegwoorde** - dit voeg die drie sinne saam.

Byvoorbeeld:

- "Gewoonlik ("usually") kom 'n mens eers agter dat jou huisinhoud ("home contents") onderverseker is ("underinsured") **wanneer** jy eis **en** die versekeraar se uitbetaling minder is as wat jy verwag ("expect")."



Verduideliking:

'n **Versamelnaam** ("collective noun") is 'n **selfstandige naamwoord** ("noun") en word gebruik om 'n groep van dieselfde ("things") soort dinge aan te dui ("indicate"), byvoorbeeld:

- 'n Versameling **tafels, beddens, stoele** en **matte** word **meubels** ("furniture") genoem.
- 'n Versamelig **borde, koppies, pierings** en **bekers** word **breekgoed** ("crockery") genoem.
- 'n Versameling **messe, vurke, lepels** en **teelepels** word **messegoed** ("cutlery") genoem.

18. Moenie dié wenke lees voor jy op vakansie gaan nie. | Moenie die wenkel lees voor jy op vakansie gaan nie. | Moenie die wenkel lees voor jy op vakansie gaan nie

Verduideliking:

"Lees dié wenke voor jy op vakansie gaan." - Dit is 'n **bevelsin** ("command").

Volg hierdie **stappe** om 'n **bevelsin** ("command") in die **ontkennende vorm** ("negative form") te skryf:

- Die sin begin met die woord, **Moenie**.
- Die onderwerp ("subject") en die werkwoord ("verb") volg daarna. Byvoorbeeld: **Moenie dié wenke lees ...**
- Daarna volg die **res van die sin** en "**nie**" word aan die **einde** van die sin **bygevoeg** ("added").

Byvoorbeeld:

- **Moenie** dié wenke lees voor jy op vakansie gaan **nie**.

Verduideliking:

Die **laaste lettergreep** ("syllable") van die woord "vraestel" het **net een vokaal**, "**e**", in die **enkelvoud** ("singular").

Die **konsonant** ("consonant") aan die einde van die woord **verdubbel** dan en 'n "**-e**" word **bygevoeg** ("added") om die **meervoud** ("plural") te vorm, byvoorbeeld:

- Hotel - hotelle
- Woonstel - woonstelle
- Vraestel - vraestelle

20. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Slegs **selfstandige naamwoorde** ("nouns") kan 'n **verkleining** ("diminutive") hê.

Verkleinings word gevorm deur die **agtervoegsel** ("suffix") **"-ie"** by woorde te voeg, byvoorbeeld:

- -ie
- -tjie
- -jie
- -kie
- -etjie
- -'tjie

Die **meeste Afrikaanse woorde** kry **"-tjie"** as **verkleiningsvorm**, byvoorbeeld:

- Leunstoel - leunstoeltjie ("armchair")
- Appel - appeltjie ("apple")
- Koei - koeitjie ("cow")

21. pizza's | pizzas | pizza's.

3 punte

Verduideliking:

Woorde wat op 'n **"-i"**, **"-o"**, **"-u"** en **beklemtoonde "-a"** eindig, kry 'n **afkappings 's** in die **meervoud** ("plural"), byvoorbeeld

- Pizza - pizza's
- Video - video's
- Ma - ma's

22. B: teen

4 punte

Verduideliking:

Voorsetsels ("prepositions") is **kort woordjies** wat **voor selfstandige naamwoorde** ("nouns"), **werkwoorde** ("verbs"), **bywoorde** ("adverbs") en **voornaamwoorde** ("pronouns") gebruik word om **posisie** of **verhouding** aan te dui, byvoorbeeld:

- Hy sit **onder** ("under") die tafel.
- Sy slaap **op** ("on") die bed.
- Janine loop **oor** ("over") die straat.



Verduideliking:

1.) **Byvoeglike naamwoorde** ("adjectives") **beskryf** die **selfstandige naamwoord**, byvoorbeeld:

- **Uitgelekte** vraestel ("leaked paper").
- **Geverfde** tafel ("painted table").
- **Gebreekte** glas ("broken glass").

2.) **Soortname** ("common nouns") **benoem verskillende** soorte **mense, diere** en **dinge**, byvoorbeeld:

- Die **kind** skryf ("writes") **eksamen** in haar **bed**, want sy is siek.

3.) 'n **Soortnaam** word **net aan die begin** van 'n sin met 'n **hoofletter** ("capital letter") geskryf.

4.) **Eiename** ("proper nouns") is die **spesifieke naam** wat aan 'n **mens**, 'n **dier**, 'n **rivier**, 'n **provinsie** of 'n **land** gegee word, byvoorbeeld:

- **Simon** en sy hond, **Diesel**, loop deur die **Kliprivier**.

Eiename word **altyd met 'n hoofletter** geskryf, **maak nie saak** op **watter plek** dit in 'n **sin** gebruik word nie.

Verduideliking:

Die **byvoeglike naamwoord** ("adjective") beskryf die **selfstandige naamwoord** ("noun").

Voorbeeldsin: Die hond is kwaai.

- hond - soortnaam
- kwaai - byvoeglike naamwoord

Voorbeeldsin: Die ma is vriendelik.

- ma - soortnaam
- vriendelik - byvoeglike naamwoord

Wanneer 'n **byvoeglike naamwoord** ("adjective") **voor** 'n **selfstandige naamwoord** ("noun") gebruik word, **verander die vorm** daarvan **effens** ("slightly"), wanneer 'n **agtervoegsel** ("suffix") aan die **einde** van die **byvoeglike naamwoord bygevoeg** word ("added"), byvoorbeeld:

- (moedeloos) ouers - moedelo**se** ouers
- (lastig) vlieg - lastige vlieg
- (huil) baba - huil**ende** baba
- (sing) kinders - sing**ende** kinders

Byvoeglike naamwoorde waarvan die **vorm so verander**, soos **moedelose, lastige, huilende** en **singende** word **verbuigings** genoem.

(Let op: **Een "-o-" val weg uit die lang vokaal** wanneer die **"-e-"** aan die **einde** van die woord, **moedelose, bygevoeg word**.)

25. D: uitroepsin

4 punte

Verduideliking:

'n **Uitroepsin** ("exclamation") word gebruik om **sterk gevoelens** ("strong feelings") of **emosies** oor te dra ("convey").

Dit **eindig altyd** met 'n **uitroepteken** ("exclamation mark").

26. video-boodskappe | videoboodskappe | "videoboodskappe" | "video-boodskappe"

3 punte

Verduideliking:

Paragraaf 11:

- "Jonathan se aanhangers ("fans") kon deur die loop van die jaar ("throughout the year") **video-boodskappe** stuur om hom geluk te wens met sy verjaardag ... "



27. waar

2 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 3:

"Dié skilpaaie is volgens Lucy eers **ná die ouderdom van 50 jaar uitgegroeï** ("fully grown") en Jonathan het nie verder gegroeï sedert ("not grown any further since") hy op die eiland aangekom het nie."

Dit laat hulle dus glo dat Jonathan **moontlik ouer** ("possibly older") as **190** jaar kan wees.

28. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 5 dat hy saam met '**n handvol skilpaaie** ("a handful of turtles") in 'n kamp bly.

In paragraaf 7 lees ons dat hy die **geselskap van 2 wyfies verkies** ("prefers the company of two females").

Hy is dus **nie die enigste skilpad** ("he is not the only turtle") op die eiland St. Helena **nie**.

29. 3 | drie | 3 dae | drie dae | "drie dae" | "3 dae"

3 punte

Verduideliking:

Paragraaf 2:

- "Op 190 jaar oud sien Jonathan nog kans ("still sees a chance") vir die feesvieringe ("celebrations"), wat volgens ("according") die regering ("government") van St. Helena oor **drie dae** sou strek ("extend over three days")."
-

30. Kersmark | 'n skilpad-vriendelike verjaarsdagkoek

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf 10:

"Die ou man se verjaardag is tydens 'n **Kersmark** ("christmas market") en ander aktiwiteite die eerste naweek van Desember 2022 gevier. Die hoogtepunt ("highlight") van die verjaardagvieringe was 'n **skilpad-vriendelike "verjaarsdagkoek"** ("turtle-friendly birthday cake") en 'n geanimeerde video oor Jonathan se lewe."

Die woord "**ou man**" verwys na **Jonathan**, want hy is al 190 jaar oud!

31. waar

2 punte

Verduideliking:

Paragraaf 12:

"Toeriste wat vanjaar die eiland besoek het en met Jonathan kennisgemaak het, het elkeen 'n sertifikaat ontvang ("received") waarop 'n afdruk van die **eerste foto** van **Jonathan se voetspoor** gedruk is."

Hierdie **sertifikaat** was dus gedurende ("throughout") die **hele jaar** ("whole year") aan Jonathan se **besoekers** ("visitors") gegee, nie net op sy verjaarsdag nie.

32. hoor | sien

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf 6:

"Jonathan **is** al **blind** en sy reuksintuig is aangetas ("sense of smell is affected"), maar hy kan glo ("apparently") nog baie **goed hoor** ("hear")."

As sy reuksintuig ("sense of smell") aangetas is, beteken dit dat hy ook **nie meer goed kan ruik nie**.

Tog sê sy **veearts** ("veterenarian"), Joe Hollins, dat Jonathan nog **springlewendig** ("lively") is en uitstekend ("excellent") **op sy stem reageer** as hy met hom **praat**.

33. oudste lewende | grootste

4 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 9:

"Hy word as die eiland se waardevolste skat ("most valuable treasure") beskou ("considered") en is die houer van **twee titels** in Guinness World Records. Hy is die **oudste lewende dier** ("oldest live animal") in die wêreld en ook die **oudste skilpad**, land- en waterskilpaaie ingesluit ("turtles included")."

34. B: waardevolste skat.

4 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 9 dat Jonathan as St. Helena se **waardevolste skat** ("most valuable treasure") beskou word ("considered").

Ons kan aflei ("conclude") dat hy baie **waardevol is** omdat:

- **Toeriste** hom **graag besoek** ("visit").
- Hy al deur soveel **wêreldgebeure** ("world events") geleef het ("lived through").
- Die **oudste lewende dier** ("oldes living animal") op aarde is.
- Hy weens sy ouderdom ("due to his age") **twee Guinness World Records** hou.
- 'n Tyd van **lank, lank gelede met vandag verbind** ("connected").



35. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Paragraaf 3:

"**Teeny Lucy**, Jonathan se versorger, het in 'n onderhoud ("interview") met die BBC gesê Jonathan kan selfs ouer wees ("even be older") omdat hy al uitgegroeï ("fully grown") was toe hy in 1882 op die eiland aangekom het."

36. Seychelle | 1882 | seevaarders

6 punte

Verduideliking:

Paragraaf 2:

- "Jonathan is 'n reuse ("giant") **Seychelle**-skilpad en as geskenk ("gift") deur die **seevaarders** ("sailors") aan die destydse goewerneur, William Gray-Wilson, gegee. Sy aankoms ("arrival") in **1882** is in die eiland se argiewe ("archives") aangeteken."

37. C: Plantation House

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf 5:

- "Jonathan bly saam met 'n handvol jonger skilpaaie in 'n kamp by **Plantation House** op die eiland."

Die eiland se naam is **St. Helena** en is in die Atlantiese Oseaan ("Atlantic Ocean").

38. "Hy het 30 goewerneys sien kom en gaan, en gesien hoe motors, radio, televisie, 'n lughawe en die internet deel van die eiland word." | Hy het 30 goewerneys sien kom en gaan, en gesien hoe motors, radio, televisie, 'n lughawe en die internet deel van die eiland word | Hy het 30 goewerneys sien kom en gaan en gesien hoe motors radio televisie 'n lughawe en die internet deel van die eiland word | Hy het 30 goewerneys sien kom en gaan en gesien hoe motors radio televisie n lughawe en die internet deel van die eiland word | "Hy het 30 goewerneys sien kom en gaan en gesien hoe motors radio televisie 'n lughawe en die internet deel van die eiland word" | "Hy het 30 goewerneys sien kom en gaan en gesien hoe motors radio televisie 'n lughawe en die internet deel van die eiland word."

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 5:

- "Hy het 30 goewerneys ("governors") sien kom en gaan, en gesien hoe **motors, radio, televisie**, 'n **lughawe** ("an airport") en die **internet deel** van die **eiland word**."

Ons het verder in paragraaf 5 gelees dat hy ook **twee wêreldoorloë oorleef** het ("survived two world wars").



39. D: vakansiedag

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf 11:

"Jonathan se aanhangers ("fans") kon deur die loop van die jaar video-boodskape stuur om hom geluk te wens met sy verjaarsdag en daar is reeds 'n aansoek ("application") by die owerhede ingedien ("submitted to authorities") om sy verjaarsdag as 'n **vakansiedag** op die eiland te verklaar ("declare")."

40. Frederica | "Frederica" | Frederica. | "Frederica".

3 punte

Verduideliking:

Paragraaf 8:

• "Hy en Frederica is al **meer as 30 jaar** in 'n **verhouding** ("relationship") en hy het eenkeer toe 'n veearts Frederica ondersoek het, die **heeltyd by haar gebly** en die **veearts** ("veterenarian") **dopgehou**."

Ons kan hieruit aflei ("infer") dat hy baie **beskermend** ("protective") teenoor Frederica is.

Totaal: 138 Punte

